

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2018/08/13		DATUM 2018/08/10			+ - WEEK GELEDE 2018/08/06			+ - MAAND GELEDE 2018/07/16			+ - JAAR GELEDE 2017/08/14		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
Brent (\$/b)	72.96	1.01 ↑	1.4%	71.95	↓	-2.4%	74.74	↓	-2.3%	74.68	↑	44.1%	50.62	
US\$: ? ZAR	14.44	0.720 ↑	5.2%	13.72	↑	8.3%	13.33	↑	9.3%	13.21	↑	8.6%	13.30	
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 032.86	101 ↑	5.2%	R 1 931.50										
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 900.15	152 ↑	5.5%	R 2 748.48										
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 513.11	228 ↑	5.3%	R 4 285.05										
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Corn Sep '18	357.60	0.00 ↑	0.0%	357.60	↓	-3%	369.40	↑	5%	341.75	↓	-12%	404.25	
Wheat Sep '18	546.60	1.40 ↑	0.3%	545.20	↓	-2%	556.40	↑	12%	488.50	↑	4%	527.25	
Soybean Aug '18	850.60	0.60 ↑	0.1%	850.00	↓	-5%	892.40	↑	3%	829.50	↓	-12%	970.50	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM Jul '18	3600.00	0 ↑	0.0%	3600.00	↑	0.0%	3600.00	↑	10.8%	3250.00	#VALUE!		NA	
WMAZ SPOT	2281.00	66 ↑	3.0%	2215.00	↑	8.9%	2094.00	↑	16.5%	1958.00	↑	25.3%	1820	
WMAZ Sep '18	2312.00	66 ↑	2.9%	2246.00	↑	8.4%	2132.00	↑	15.4%	2004.00	↑	8.7%	2127	
YMAZ SPOT	2333.00	61 ↑	2.7%	2272.00	↑	8.2%	2156.00	↑	15.3%	2024.00	↑	19.0%	1961	
YMAZ Sep '18	2362.00	58 ↑	2.5%	2304.00	↑	8.8%	2171.00	↑	13.7%	2078.00	↑	6.1%	2227	
SOY 50 SPOT	4460.00	45 ↑	1.0%	4415.00	↑	2.3%	4361.00	↑	7.6%	4145.00	↓	-2.8%	4590	
SOY Sep '18	4505.00	55 ↑	1.2%	4450.00	↑	1.9%	4422.00	↑	6.6%	4227.00	↓	-2.3%	4610	
SUN SPOT	4837.00	10 ↑	0.2%	4827.00	↑	2.8%	4705.00	↑	8.8%	4445.00	↑	3.3%	4682	
SUN Sep '18	4888.00	16 ↑	0.3%	4872.00	↑	2.4%	4772.00	↑	7.5%	4548.00	↑	3.4%	4727	
WHEAT Spot	4200.00	3 ↑	0.1%	4197.00	↑	1.6%	4134.00	↑	4.3%	4026.00	↓	-7.7%	4550	
WHEAT Sep '18	4261.00	19 ↑	0.4%	4242.00	↑	2.2%	4170.00	↑	4.2%	4090.00	↓	-2.2%	4356	
OLIESADE (US\$/ton)	2018/08/10	Bron: Oilworld			2018/08/03	2017/11/13	2016/12/12							
Soya-oil, Arg.	648	↑	0.5%	645	↓	-16%	769	↓	-4%	676				
Soya-pell, Arg.	362	↓	-3.5%	375	↑	7%	339	↓	-2%	368				
Soybean, Brazil	415	↑	0.0%	415	↑	1%	410	↑	1%	410				
USA Runner 40/50	1380	↑	0.0%	1380	↓	-14%	1600	↑	6%	1300				
Sun-oil, Arg.	718	↓	-1.0%	725	↓	-5%	755	↓	-10%	800				
Sun-oil, Black Sea	730	↓	-2.4%	748	↓	-3%	750	↓	-3%	750				
Sunseed,Black Sea	364	↑	0.3%	363	↓	-9%	400	↓	-11%	409				
Rapeseed, EU cif	441	↑	2.3%	431	↓	4%	425	↑	11%	399				
Palm oil Mal, EU	895	↑	1.1%	885	↓	-39%	1470	↓	-14%	1037				

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die wêreld uitvoere van sojabone het gedurende Julie skerp toegeneem as wat die verwagtinge in die mark was en die totale uitvoere tussen Mei en Julie het 16% toegeneem vanaf die vlakke wat verlede seisoen gesien was dieselfde tyd van die jaar. Die hoeveelheid sojabone wat gepepers word in die USA en die 4 Suid Amerikaanse lande het gedurende Julie 10% toegeneem vanaf verlede seisoen en die totaal tussen Mei en Julie 2018 het ongeveer 6% toegeneem vanaf die vorige seisoen. Die sojaboon voorraad in die USA sal gedurende die 2018/19 seisoen 'n nuwe hoogtepunt bereik en volgens die huidige skatting behoort dit ongeveer 5 miljoen ton hoër as verlede seisoen se voorraadvlakke te wees. Die laer uitvoere na Sjina het bygedra tot die hoër voorraadvlakke in die USA. In die Amerikaanse produksie vooruitsig vir die seisoen is daar tans gedeeltes waar daar probleme met weerstoestande is wat nie gunstig is nie aangesien dit 'n kritieke weer tydperk is vir die USA sojabone. Die produksietoestande in die USA is egter steeds aansienlik beter as verlede seisoen se toestande teen dieselfde tyd van die jaar en die nuutste weeklikse skatting word vandag bekend gemaak. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. In verlede week se weeklikse produsente lewerings verslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is die totale lewerings vir die seisoen tot dusver op 1.47 miljoen ton gerapporteer wat ongeveer 95% van totale NOK skatting uitmaak.

Sonneblomsaad: In Rusland en die Oekraïne het die weersomstandighede omgedraai vanaf die droë toestande wat vroeër die seisoen geheers het met heelwat reën wat gedurende die 2 de helfte van Julie geval het en dit was gunstig vir die produksietoestande in hierdie lande. Gegewe die uitbreiding in die oppervlakte aangeplant asook die beter opbrengsverwagtinge kan die sonneblomsaad produksie in die CIS lande hierdie seisoen naby aan die rekord vlakke van die 2016/17 seisoen wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week onder druk gekom en het meestal laer gesluit vir die week in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. In verlede week se produsente lewerings verslag is die totale lewerings vir die seisoen tot dusver op 805 212 ton gerapporteer wat reeds ongeveer 12 950 ton meer is as die NOK se skatting.

Kanola: Die kanola produksietoestande in Kanada het verswak hoofsaaklik as gevolg van hoë temperature en laer reënval wat tans daar heers. Die Kanadese uitvoere van kanola het skerp toegeneem en die voorlopige handelsdata toon 'n 17% toename aan in die uitvoere met Sjina wat die grootste invoer bestemming is. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die groot fokus op die produksietoestande in die Weskaap. Sommige gedeeltes lyk goed met reën wat daar voorgekom het terwyl ander gedeeltes steeds baie swaar kry en reën daar baie dringend nodig is.

Grondboon: In Indië het daar min reën voorgekom in sommige gedeeltes van die produksiegebiede en die grondboon produksie vir die seisoen is onder druk daar. In verlede week se USDA produksievorderingsverslag was die grondboon produksietoestande in die USA op 71% goed tot uitstekend geskat wat laer was as die vorige week se skatting van 75% goed tot uitstekend. Dit is ook aansienlik laer as die vorige seisoen se skatting van 79% goed tot uitstekend. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboon produksie vir die seisoen was onder druk gewees met baie kwaliteit probleme wat gerapporteer was.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za